

13 Desember

Genesis 16:6 -14

(Teks: 16:13) U is 'n God wat my sien

Selfs gelowiges kan 'n mens diep teleurstel. Mense wat veronderstel is om met geloofsvertroue op te tree, is soms kortsigtig en maak daardeur ander mense bitter seer. Dit het met Hagar gebeur. Abraham en Sarai het begin twyfel aan God se belofte dat Hy aan hulle 'n nageslag sou gee. Daarom het hulle 'n menslike oplossing gesoek en Hagar daarvoor misbruik. Dié plan het egter skeefgeloop en Sarai het die swanger Hagar die woestyn in verdryf. Hagar het hulpeloos en pateties by 'n fontein gaan sit. Maar God lewe! Hy het die nood van Hagar raakgesien. Daarom het Hy haar liefdevol kom opsoek en haar genadiglik uit die krisis gered.

Hierdie geskiedenis wys ons enersyds tereg. God sien ook ons verkeerde dade en die bitter gevolge daarvan raak. Ons maak ander mense seer as ons kortsigtig optree. Andersyds is hierdie geskiedenis besonder troosvol. God lewe en sien ellendige mense raak wat moet ly van-weë ander se foute. Hy gee uitkoms en perspektief. Die Here wys tereg, maar plaas ons ook weer op koers. Wat 'n genade!

Die lewende God het ons ewige nood gesien. Hy het sy Seun gestuur. Hy het die smart van ons kleingeloof op Hom geneem. Hy is deur God verstoot, ter wille van ons. Daarom kry ons hoop en perspektief te midde van die probleme en foute in hierdie wêreld. Die Heilige Gees verseker ons dat die Here ons raaksien in ons ellende. In die droewige lyding van ons huidige woestynlewe gee Hy ons die geloofsperspektief op ons Vaderhuis.

Laat ons ons daarom verheug oor God se opsoekende liefde. Hy is die God wat ons sien.

Sing Psalm 146:6

Dr. F.P. Viljoen (George)